




DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS EN 'N LERAAR BY AFSTERWE - 'N HULPDOKUMENT

1. Die familie gee kennis aan die Pensioenfondskantoor.
2. Die volgende skets beeld uit wat die finansiële situasie dan is:



3. **"A. Binne die Pensioenfonds"** beteken dat hierdie fondse uitbetaal in gevolg die reëls van die Pensioenfonds. Die waarde van die sterftevoordeel is 4 x Pensioengewende Vergoeding.

Dit wet maak voorsiening dat dit tot een jaar kan duur om uit te betaal. Dit gaan oor die opspoor van moontlike afhanklikes en dergelike dinge wat deur die trustees van Sanlam gekontroleer moet kan word. Die proses word gekompliseer as daar 'n egskeding was, onopspoorbare afhanklikes is of afhanklikes wat buite die huwelik gebore is.

Gewoonlik betaal dit uit na ongeveer 3 maande met 20% daarvan wat vir een jaar teruggehou word om voorsiening te maak vir moontlike afhanklikes wat na vore mag kom.

4. **"B. Buite die Pensioenfonds"** beteken dat hierdie fondse nie aan al die reëls van Sanlam onderworpe is nie. Hierdie fondse betaal normaalweg binne enkele weke uit. Die waarde van die sterftevoordeel is 4 x Pensioengewende Vergoeding.

Daar is een ding wat hierdie proses kan vertraag en dit is die afwesigheid van 'n Benoemingsvorm. Daarom is dit uiters belangrik dat 'n leraar 'n Benoemingsvorm sal hê wat aandui aan wie hierdie fondse uitbetaal moet word. Bêre een by jou testament, stuur vir die Sinodehuis 'n afskrif en gee een vir jou kerkkantoor om te liasseer. Dit versnel en vergemaklik die proses.

5. **"C. Fondswaarde"** is die opgelope waarde van jou aftreevoorsiening. Dit word uitbetaal soos A; dit wil sê dit is onderworpe aan al die wetlike prosesse van Sanlam Trustees.

6. Indien die leraar en eggenoot/eggenote saam te sterwe kom, is daar nog **Groep eggenoteversekering** ook ter sprake in die boedel. Dit is ook van toepassing waar die leraar en eggenote/eggenoot gesamentlik sterf.

7. **Versorging van Afhanklikes (VAL).** Die Kerkorde het voorheen gespesifiseer dat die kerkraad 'n 6 maande-verpligting het teenoor die afhanklikes in terme van verblyf in die pastorie asook lewensonderhoud. Hierdie voorskrif is volgens die Aktuaris van die Algemene Sinode reeds in die negentigerjare verwyder. Die Pensioenfonds het 'n aantal jare gelede die VAL-versekering beëindig en dit vervang met verbeterde sterftevoordele buite die Fonds (B).

'n Leraar sou met sy/haar kerkraad kon onderhandel dat 'n billike reëling oor verblyf in die Diensooreenkoms opgeneem word.

8. **Inkomstebelasting.** Dit is baie belangrik dat 'n leraar se inkomstebelasting op datum moet wees. Die Ontvanger van Inkomste moet 'n belastingaanwysing gee voordat

die geld vanuit A – die voordele binne die Fonds – uitbetaal kan word. Uitstaande belastingsake sal hierdie proses net vertraag en kompliseer.

Kontak gerus vir Theo Smith – die Kantoorbestuurder – by 012 342 0415.

Hy help graag met die detail wat nie in hierdie dokument opgeneem is nie.

***Die Uitvoerende Amptenaar, Francois Retief, saam met Leon Westhof
verteenwoordig Oostelike Sinode op die Bestuurskomitee.***